

Lantern

Jaargang 6 #17 • Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom die Bult • 28 Mei 2017

Gelukkig is die mens wat in beproewing volhard!

As die toets sy geloof as eg bewys, sal hy die

lewe as oorwinningskroon ontvang



Jakobus 1:12

09:30 Oggenddiens

Ds Willem Steyn

Tema: Kerugma –
om te verkondig:
Jesus Christus is die Here

Sb 1-2:1-3

Lied 188: 3 (Kinderbegeleiding)

Skriflesing: Hand. 2:14-36

Teks: Hand. 2:36

Ps 105-1: 5 (Preekbegeleiding Gr 1-3)

Lied 168:1, 3

Ps 148-2: 1, 7, 8, 9

18:00 Aanddiens

Ds Fanie Coetzee

Tema: Wysheid in
beprowings en versoekings

Ps 95-1:1,4

Ps 33-2:1,2,7

Ps 86-1:1,2,3

Skriflesing: Jakobus 1:1-18

Teks: Jakobus 1:2,12

Ps 119-1:25,27

Lied 200:1,2,3

11:30 International Service

Rev Willem Steyn

Theme: Our calling to proclaim Jesus Christ, as our Lord

Scripture reading: Acts 2:14-36

Verjaarsdae

Vandag, 28 Mei

Nic Aucamp 072 226 2126

Maandag, 29 Mei

Liezl Granzier 083 424 1187

Heleen Jv Rensburg 084 516 0559

Germarié Viljoen 084 261 6522

Dinsdag, 30 Mei

Jooste Nienaber  079 541 3334

Woensdag, 31 Mei

Leentjie van Jaarsveld 082 509 8040

Donderdag, 1 Junie

Ben de Klerk 072 183 1083

Rika Goede  018 290 5736

Heidrie Greyling 071 488 9571

Salome Verburgh 081 049 5899

Vrydag, 2 Junie

Jaco Greyling 082 497 6295

Gerhard Potgieter 071 602 3251

Saterdag, 3 Junie

Heleen Coetzee 083 625 1970

Paul Krüger  018 290 5110

'n Enkelouer wat deur Bet-Ezer
gehelp word, benodig 'n fiets vir
haar seun om universiteit toe te ry.

As u kan help, skakel met
Dirk Venter by 082 454 5984.

Meelewing

➤ Baie geluk aan **Stefan Denysschen** (073 826 9614) wat vanoggend be-lydenis van sy geloof doen en gedoop word.

➤ Ons dink aan **Fanie** en **Judie** (018 293 3789) met die nuus die week dat sy pa, Simon, terminale kanker het. Mag die Here julle ma Hester en julle as familie vertroos en perspektief gee in tyd.

Ons kleingroep het besluit om weer 'n kombersprojek te loods. Indien enigie-mand 'n 'dik' kombers wil skenk kan hul dit net by die kerkkantoor aflaai en ek sal elke nou en dan dit kom afhaal sodat ons dit vir behoeftige mense kan skenk in ons direkte omgewing...

Dankie vir jou ontvanklikheid om ander te help.

Rudi vd Merwe (082 406 2869 /
Rudivandermerwe23@gmail.com)

Teeskinkbeurte

28 Mei

Wyk 15: Anna Fick (073 682 3751)

Wyk 16: Retha van Wyk (083 967 1511)

4 Junie

Wyk 1: Rhodé Vorster (076 875 4132)

Baie dankie!

Kontak asb die kerkkantoor as jy onseker is wie in jou groep is. OnderOnsie-inligting is verouderd.

Uitnodiging na Liturgiese gespreksgroep

29 Mei om 19:00 by die Kerksaal

Hiermee nooi ons alle lidmate wat belangstel in die liturgie van ons eredienste om aan die volgende gespreksgeleentheid deel te neem (sien die datum, tyd en plek hierbo). Hierdie keer wil ons graag fokus op ons viering van die Nagmaal. Vrae soos: Hoe kan ons die Nagmaal as 'n fees beleef? Hoe pas verootmoediging en verlossing en blydschap by die viering? Wat behoort ons by die eet van die brood te doen? En by die drink van die wyn? Water klem plaas die Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelijdenis op die Nagmaal? Hoekom vier ons gemeente agt keer per jaar Nagmaal? Dit is 'n oop gesprek en lidmate kan ook oor ander aspekte van die Nagmaal en die liturgie kom gesels. Hartlik welkom!! *Ben de Klerk (Sameroeper)*

Pinkster Preekreeks

In opbou na die 4de Junie beplan ons 'n preekreeks waarin ons gaan kyk die redes waarom die Here ons, as sy kerk, in hierdie wêreld laat bestaan.

Koinonia – ons roeping om mekaar lief te hê

Kerygma – ons roeping om te verkondig dat Jesus die Here is.

Diakonia – ons roeping om diensbaar te wees

Marturia – ons roeping om te getuig.

Ons sien ook hierdie preekreeks as 'n geleentheid vir ons as gemeente om saam te besin oor ons bestaan hier op die Bult.

Liefdegawes by die deure

28 Mei	Oggend: GKSA Sustentasië Aand: Meelewingsfonds
4 Junie	Oggend: Emeritaatsfonds Aand: Meelewingsfonds
11 Junie	Oggend: Simonversorgingstrust Aand: Meelewingsfonds

Liefdegawes tydens die diens word vir die Liefdesdiens van die diakens gebruik.

Het jy vervoer nodig kerk toe?

Kontak vir Susan teen Donderdag.
082-563-1207 / geeldogtertjie@gmail.com

Pinksterdiens

Volgende Sondag, 4 Junie, vier ons die uitstorting van die Heilige Gees. Soos gebruiklik gaan ons dit saam met gelowiges van 'n wye verskeidenheid kulture vier.

Buiten die gewone erediens in Afrikaans om 9:30 gaan ons die jaar saam met die gelowiges van Venterskroon 'n diens by hulle hou. (Daar gaan geen aanddiens in ons kerkgebou wees nie)

Die voorlopige reëlins is soos volg:

- Ons begin om 12 uur by Venterskroon met 'n ligte middagetete
- Die diens saam met hulle begin om 13:00. Die diens sal getolk word sodat almal – ook die lidmate wat ons internasionale diens bywoon, dit kan verstaan. Daar vertrek DV om 11:15 'n bus vanaf die kerkgebou. Volgende week sal ons 'n kaart verskaf vir die wat met eie vervoer daar kom.

Ons rol in die inkomste en uitgawes van Christus se gemeente

Het jy geweet?

- Die gereelde dankbaarheidsoffers (in die verlede bydraes genoem) wat jy maak, is die primêre bron van die gemeente se inkomste.
- Die kerkraad beskik oor beleggings wat oor tyd opgebou is as 'n aanvulling tot die totale begroting, maar dit kan nie ons dankbaarheidsoffers vervang nie.
- Die liefdegawes onder die erediens, is deel van die liturgie (kerklike seremonie) en word gebruik vir die liefdesdiens van die gemeente onder leiding van die diakens en word nie in berekening gebring by die begroting van die kerkraad nie.
- Die kollekte na die erediens is ook NIE deel van die gemeente se inkomste nie, maar word bestem vir spesiale behoeftes soos wat elke Sondag afgekondig word.

Weet jy hoe die gemeente se fondse gebruik word?

- Die grootste deel van die kerkraad se begroting is vir die behoorlike versorging van die Bedienaars van die Woord wat voltyds in diens van Christus in sy kerk en koninkryk werk.
- Hierbenewens is daar 'n Administratiewe-beampte, noodsaaklike funksionêre soos orreliste en die koster asook hulpwerkers wat by die Studente- en Internasionalediens betrokke is.
- Die ander bediening wat tans befonds moet word, is:
 - Ons G5 bediening op die Bult wat die entoesiastiese studentebediening met hulp van Jeugleiers insluit
 - Internasionale bediening
 - Aktiveringsgroepe (wat bediening onder die diverse groepe in die gemeente aktiveer)
 - Die Venterskroonbediening wat dit vir gelowiges in die Koepel moontlik maak om Sondae te vergader.
 - Die sopkombuis
 - Die Vietnamprojek
 - Hulp aan die gemeente in Ikageng Bophirima
 - Franse radiobediening
- Noodsaaklike uitgawes vir die instandhouding en bedryf van geboue en terreine moet natuurlik ook bekostig word.
- Die gemeente, as selfstandige lid van die breër kerkverband van die Gereformeerde kerke in Suid Afrika (GKSA), is deur onderlinge ooreenkoms verbind om jaarliks 'n RAMING (heffing) aan die Administratiewe Buro van die GKSA oor te betaal. Tans beloop die bedrag R684 per belydende lidmaat per jaar. Dit is hoofsaaklik vir die versorging van afgetrede (geëmeriteerde) predikante en hulle weduwees en die opleiding van predikante deur die Teologiese skool. 'n Deel van die ramings gaan verder vir die noodsaaklike dienste van die Administratiewe Buro van die GKSA.

Ons rol in die inkomste en uitgawes van Christus se gemeente

vervolg van vorige bladsy

Jy as lidmaat en die gemeente se fondse

- Dankbaarheidsoffers is nie soos ledegeld van 'n klub of vereniging nie, maar inherent 'n reaksie op jou geloofsverhouding met God. In die sin is die vrywillig en tog ook 'n verpligting.
- Jou dankbaarheidsoffers en kollekte-bydraes bly dus, net soos die bestuur van al jou persoonlike besittings en bates, deel van jou rentmeesterskap waaroor jy jou teenoor die Here moet verantwoord.
- Dit alles gaan dus oor jou en die ander lidmate van die GK Potch se as roeping om as bruid van Christus die Evangelie te verkondig.

Jy kan te enige tyd die vrymoedigheid neem om met jou ouderling oor die kerk se finansies te praat.

Martie Geertsema Mediese Hulpfonds

**MJ Geertsema, ABSA,
spaarrekening 9293321096**

Vir meer inligting kan die kerkkantoor
(018 297 4843) of Elsa Els (082 460 0939)
gekontak word.



*Dankie vir almal se bydraes tot dusver vir
Martie se medikasie.*

Maak asseblief u harte oop vir Martie!

ONDERONSIE

Die OnderOnsie, die boekie met al die lidmaatinligting in, word weer binnekort gedruk. Het jou inligting dalk verander in die afgelope jaar? Skakel asb met die kerkkantoor.

Laat weet asseblief die kerkkantoor as jy nie jou inligting geplaas wil hê nie.

Die studiesentrum maak weer oop vir die Junie eksamens. Dit is ideaal vir 'n rustige leeromgewing en 'n ekstra koppie koffie.

Wanneer: 7 – 28 Junie

Waar: By G5 en die kerksaal

Kom gerus ná die aanddiens G5 toe, daar's lekker koffie en goeie geselskap!



Ouderlinge en Diaken aan diens

Ouderlinge:

Johann vd Walt & Johan van Dijk

Diaken: Paul Delicado

Advertensies

TE HUUR. Buitekamer vir senior mansstudent. Naby NWU. Eie badkamer en klein kombuisie. Veilige parkeerling. Water en elektrisiteit ingesluit by huur. R2900 per maand. Deposito betaalbaar, Beskikbaar vanaf begin Junie 2017. Bel Malie (018) 297 6827 of 072 215 8514

Preke oor Psalms

Prof Jaap Helberg het op versoek van lidmate 'n bundel saamgestel van preke oor Psalms wat hy gedurende sy jare van hulpdiens in die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord (1994-2001) gepreek het.

Die bundel is beskikbaar teen R50 en navrae daarvoor kan gerig word aan Martha van der Walt (082 941 5190) of Prof Jaap self by 076 832 4372.

Biltongfees

Die jaarlikse gewilde Biltongfees van die GK Mooirivier vind weer plaas op Vrydagaand 9 Junie 2017 om 18:00 vir 18:30. Dit is in die vorm van 'n Buffet-ete. Eet soveel jy kan of wil, egter geen woefkardoese (doggy-bags) nie! Daar sal ongeveer 20 verskillende soorte verwerkte vleisprodukte te eet wees, o.a bees- en wildsbiltong en droëwors, cabanossies, droog en nat, gerookte biltong(sterk aan te beveel!) met verskeie soorte tuisgebakte brode en tuisgekookte konfyte. Toegang: R150 per volwassene, R80 vir laerskoolleerders, en R20 vir kleuters. Geen kaartjies by die deure nie, jy moet asseblief vooraf koop. Kaartjies beskikbaar by Ds. Koos Mouton: 082 925 395. Biltong sal ook te koop wees teen kompeterende pryse. Gou spring...die tyd loop uit. Ons kan ongeveer 800 mense akkommodeer. Nooi jou vriende of werkskollegas en maak 'n tafel op.



Kontak ons

Kerkkantoor 018-297-4843 (tel)

e-pos: gkbult@gmail.com

webblad: www.gkpotchbult.co.za

Ds Fanie Coetsee: 082-520-5168

fanie1coetsee@gmail.com

Ds Willem Steyn: 082-854-3587

steyn.willem@gmail.com

Skriba: Mias Smit: 084-510-9193

Orrelistes: Jetty van Rensburg: 083-439-7379

Anja Viljoen: 082-053-9246

Koster: Wilma Herbst: 082-965-7525

Internasionale diens: George Lotter: 083-284-7599

Katkisasie: Braam Pieterse: 082-923-4881

Kinderbegeleiding: Marida van Eeden: 060-977-1124

Preekbegeleiding: Thea Harmse: 082-859-2229

Dataprojeksie: Adelle Lotter: 083-286-3811

Klank: Stefan Linde: 072-811-1665

Tolkdienste: Kerkkantoor: 018-297-4843

Preekopnames: Kerkkantoor: 018-297-4843

Diakonie: Martha van der Walt: 082-941-5190

Omgee-groep Seniors: Dirina Cilliers: 082-326-6207

Sopkombuis: Elsa Els: 082-460-0939

Susters: Hanlie Steyn: 083-654-8652

Onthaalkomitee: Retha van Wyk: 083-967-1511

G5 Bediening: Ds Willem Steyn: 082-854-3587

Musiekbediening: Hanlie Steyn: 083 654 8652

Bedieningskommissie: Jan Geertsema: 083-271-6570

Eiendomskommissie: Faan van Wyk: 082-551-7782

Liturgiese Werkgroep: Ben de Klerk: 072-183-1083

Venterskroon Diensgroep: Gerrit Pienaar: 079-527-2079

Finansiële kommissie: Lou van Wyk: 084-520-1086

Kassier: Paul Delicado: 082-574-2204

Ons gemeente se bankbesonderhede

Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult
ABSA Tomstraattak 670-264-661 (Tjekrekening)
Verwysing: Van, voorletters, Wyk / KG

Skakel gerus met Fransa by die kerkkantoor (Weeksdae van 08:00 - 13:00) vir:

Algemene navrae, Lantern (sakterd Donderdae om 10:00), Preekopnames, Webbladnavrae, ens.